Verwysing: 20200303-5214
Lêerno.: 12/2/8/20/2
Navrae: H Mahomed

Kurrikulumbestuur- en Onderwyserontwikkelingsminuut: 0001/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare, spesialebehoeftes- en onafhanklike skole

Onderwerp: Uitnodiging aan alle prinsipale, onderwysers en graad 7- tot 12-leerders om aan die My Future 4.0: Beraad gemik op Hoërvlakvaardighede en Loopbane (My Future 4.0: Next Level Skills & Careers Summit), 19 tot 21 Maart 2020, deel te neem

1. Die My Future 4.0: Beraad gemik op Hoërvlakvaardighede en Loopbane sal vanaf 19 tot 21 Maart 2020 by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum plaasvind.

2. Die doel van die beraad is om leerders bloot te stel aan toekomstige vaardighede wat vir loopbane en werksgeleenthede in die Vierde Industriële Rewolusie benodig word.

3. Vooraanstaande maatskappye sal die aandag op veranderinge in hulle industrieë vestig, asook die vereiste vaardighede om sukses te behaal.

4. Tersiêre inrigtings en opleidingsorganisasies sal hulle kursusse vertoon en besoekers inlig oor hoe en waar hulle die vaardighede vir die toekoms kan bekom.

5. Prinsipale, onderwysers en graad 7- tot 12-leerders van al die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se skole word uitgenooi om die beraad by te woon.

6. Leerders sal ervaar hoe die fisiese, digitale en biologiese wêrelde ineenvloei.

7. Hierdie beraad sal die onderlinge verbinding van industrieë en die impak van tegnologie op alle toekomstige vaardighede en loopbane beklemtoon.

8. Leerders sal die geleentheid kry om gesprekke te voer en praktiese ondervinding op te doen in interaksie met vooraanstaande tegnologie-maatskappye, inrigtings wat digitale vaardighede ontwikkel en leer, staats- en inligtingstegnologiedeskundiges.

9. Die toelatingsgeld is R70 per leerder en dit sal vir die duur van die drie dae-beraad geld. Onderwysers wat leerders vergesel, word gratis toegelaat. Neem asseblief kennis dat onderwysers wat dit afsonderlik bywoon se toelatingsgeld R100 is.

10. Beperkte befondsing is beskikbaar vir skole wat hulp nodig het met vervoer en toelatingsgelde.

11. Klik op die volgende skakel om vinnig na die 2019-beraad se reklamevideo te loer:

2019 SHOWREEL

https://www.youtube.com/watch?v=h1ahNUn8Gh4&t=5s

Klik hieronder om vir u skoolgroep te bespreek:

SCHOOL & GROUP BOOKINGS

https://www.myfuture4.com/booking-form-cpt-summit

12. **Inligting oor befondsingsondersteuning:**
Skole wat vir die WKOD-befondsingsondersteuning aansoek wil doen, moet die verkrygingsprosedure volg:

- Kry drie vervoerkwotasies by diensverskaffers met wie die skool reeds kontrakte het.

- Skole moet die drie vervoerkwotasies aan me. Nicole Ferreira by nicole@myfuture4.com voorlê.

- WKOD se Hoofkantoor sal die goedgekeurde diensverskaffer terugstuur. Die WKOD se Hoofkantoor sal by ontvangs van die faktuur, die bedrag aan die skool betaal. Die skool sal dan die diensverskaffer moet betaal.

13. Prinsipale word vriendelik versoek om seker te maak dat die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderrigpersoneel by die skool gebring word.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-03-05